**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

VLAK 5 WATERBEPERKINGS \ LEVEL 5 WATER RESTRICTIONS \ INQUBO 5 UKUTSHATHWA KWAMANZI



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 NOVEMBER 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester - waarnemend |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |
| Rdl. SR Claassen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. H Kröhn | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JP Sass | : | Direkteur Finansiële Dienste - waarnemend |
| Mnr. DJ Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administratiewe Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Me. Z Julius | : | Interne Ouditeur: Assistent |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitee Dienste |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

| AKSIE |
|---|

**RVN001/11/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsdame Smit versoek 'n oomblik van stille gebed, waarna die Voorsitter almal teenwoordig verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Mev. F Ficks, Mnr. A Harres van die Departement van Sosiale Ontwikkeling en die afgevaardigdes van Mfesane: Me. E Wales, Me. T van Wyk, Mnr. A Fortuin en Me. C Tandy asook Mev. Odendaal van Bergrivier Toerisme Organisasie (BTO) wat voorleggings aan die Raad gaan doen.

***

**RVN002/11/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester – ander munisipale verpligtinge
Munisipale Bestuurder – ander munisipale verpligtinge
Raadsheer J Swart – verskoning
Direkteur Finansiële Dienste – ander munisipale verpligtinge
Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**RVN003/11/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar gesamentlik dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/11/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 31 Oktober 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN005/11/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in en bied die geleentheid aan die Direkteur Korporatiewe Dienste om terugvoer te gee oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Dinsdag 31 Oktober 2017.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/11/2017**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 31 OKTOBER 2017: (RVN011/10) EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: VLAK 5 WATERBEPERKINGS**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Finansiële Dienste terugvoer gee by die volgende Raadsvergadering met betrekking tot die ondersoek wat gedoen is rakende onleesbare lesings, die koste implikasies en die opgradering daarvan.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN007/11/2017**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: (RVN011/10) VLAK 5 – WATER - BEPERKINGS**
**17/12/3/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en rapporteer oor die verskillende damvlakke, waterverliese, waterbesparings binne Bergrivier Munisipaliteit en die begroting ten opsigte van die waterkrisis.

Raadslid Claassen bedank die Direkteur Tegniese Dienste vir die bondige samevatting.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Direkteur Tegniese Dienste rapporteer met betrekking tot die ondersoek vir alternatiewe waterbronne vir die oopstel van munisipale swembaddens in Porterville en Piketberg gedurende Desember 2017 en meld dat die volgende waterbronne in die onderskeie plekke aangewend sal word:

- Piketberg – Mnr. P Fox;
- Porterville – Rouwater dam; en
- Velddrif – NG Kerk, Velddrif.

Ten slotte meld hy dat kennisgewingborde by bogenoemde swembaddens aangebring sal word om die publiek in te lig dat die swembad water aangevul word uit alternatiewe waterbron en nie gesuiwerde water bevat nie.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/11/2017**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Hy wens die Bestuurder: Strategiese Dienste geluk en sterkte toe met haar verjaarsdag; en
- Hy lig die Raad in met betrekking tot die foutiewe oorbetaling van Raadslede vergoeding in Oktober 2017 en dat individuele gesprekke gevoer sal word met die betrokke Raadslede.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/11/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING DEUR BERGRIVIER TOERISME ORGANISASIE (BTO): ERFENIS VAN BOKKOMLAAN**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Mev. Odendaal lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en neem die Raad puntsgewys deur die voorlegging.

Sy hou die volgende voor aan die Raad, naamlik:

- Waarde van Bokkomlaan;
- Be-oogde Velddrif Erfenisroete;
- Klagtes ontvang van Bokkomlaan (Desember 2016/Januarie 2017);
- Ontwikkelingsaansoeke vir Bokkomlaan;
- Velddrif/Laaiplek/"Precinct Plan"/Final report November 2014; en
- Proses van verklaring.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Voorsitter bedank Mev. Odendaal vir die goeie voorlegging gedoen, waarna sy die vergadering verlaat om 14:30.

***

**RVN010/11/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: IMPLEMENTERING VAN JEUGPROGRAMME TE VELDDRIF IN SAMEWERKING MET MFESANE EN DEPARTEMENT VAN SOSIALE ONTWIKKELING**
**3/3/1/5**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna Me. E Wales en Me. C Tandy die Raad puntsgewys deur hul voorlegging neem.

Die volgende punte word toegelig, naamlik:

- "Youth Café Outcomes";
- "Youth Development Strategy";
- "Youth Café Concept";
- "Roles and Responsibilities";
- "Youth Involvement"; and
- "Ruby System".

Die Uitvoerende Onderburgemeester bedank die afgevaardigdes van Mfesane vir die goeie voorlegging, waarna hul die vergadering verlaat om 15:00.

***(Die Voorsitter reël 'n 5 minute verdaging vanaf 15:00 tot 15:05)***

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die vordering gemaak deur Bergrivier Munisipaliteit, Departement Sosiale Ontwikkeling en Mfesane ten opsigte van die Jeugkafee in Velddrif

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN011/11/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN012/11/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VAN DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: BERGRIVIER MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (ROR)**
**9/1/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in, waarna hy die Raad deur die verslag en aanbeveling neem.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That commencement with the drafting of a new municipal spatial development framework for Bergrivier Municipality in terms of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) (MSA), the Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) (SPLUMA), the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014) (LUPA) and the Bergrivier Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning (2015) (The By-Law), is acknowledged; and

2. That an intergovernmental steering committee be established for the compilation of the new Bergrivier Municipal Spatial Development Frame-work (MSDF) in accordance with section 11(a) as well as section 12 of the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014) (LUPA) read together with section 5 of the Bergrivier Municipal By-Law relating to Municipal Land Use Planning (2015) (The By-Law).

***MANAGER: PLANNING AND DEVELOPMENT***

**RVN013/11/2017**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERF 156 DWARSKERSBOS (REF. NO.: D.156)**
**15/3/8**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van beperkende titelvoorwaardes C.1. (a) en (b) asook 2 soos vervat in Transportakte T28555/94;

2. Dat die Munisipaliteit se prokureur(s) die Direktoraat Korporatiewe Dienste se skrywe aan die Nasionale Minister van Publieke Werke opvolg, ten einde 'n verdere poging aan te wend om skriftelike toestemming ter afstanddoening van beperkende titelvoorwaardes C.1. (a) en (b) asook 2 soos vervat in Transportakte T28555/94, te verkry;

3. Dat Slimkoppies Akademie, 'n verdere 12 maande kennis gegee word om die struktuur, insluitend die perseel, te ontruim, bereken vanaf 1 Januarie 2018, onderhewig aan die volgende voorwaardes (geldig vanaf 1 Januarie 2018):

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

3.1 dat Slimkoppies Akademie 'n huurkontrak met die Munisipaliteit sluit, welke kontrak moet bepaal dat:

(a) 'n maandelikse huurbedrag ten bedrae van R100.00 (Een Honderd Rand) (BTW ingesluit) betaalbaar is op die laaste dag van elke kalendermaand;

(b) Slimkoppies Akademie verantwoordelik sal wees vir instandhouding en verfraaiing van die gedeelte van die struktuur (soos per aangehegte plan by bestaande huurooreenkoms) wat hulle gebruik, asook die gedeelte van die perseel wat hulle gebruik;

(c) elektrisiteit aan Slimkoppies Akademie op hulle koste omgeskakel word na "prepaid" krag en dat hulle voortaan "prepaid" krag moet koop;

(d) Slimkoppies Akademie sal verantwoordelik wees vir die betaling van alle dienste by Erf 156, Dwarskersbos; en

4. Dat die saal behou word vir die gebruike wat tans daar plaasvind, maar soos op die ander dorpe, as Munisipale Biblioteeksaal bestuur word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

***

**RVN014/11/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2017**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for September 2017.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN015/11s/2017**
**BEHUISING: GEDEELTE VAN PLAAS 198 PORTERVILLE**
**9/2/1**

Raadslid Wessels lei die item in, ter kennisname/inligting aan die Raad.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die vordering met die gesprekke met Mnr. du Plessis, rakende die aangeleentheid; en

2. Dat die item terugverwys word na die Tegniese Dienste Komiteevergadering vir verdere insette.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN016/11/2017**
**COMPOSITION OF OVERSIGHT COMMITTEE FOR THE ANNUAL REPORT OF THE 2016/17 FINANCIAL YEAR**
**12/2/2/2/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief background to the item under discussion and took the Committee through the report and recommendation.

Various inputs and comments were made by the Council.

Councillor Claassen thanked Bergrivier Municipality for the appointment as Chairperson of the Oversight Committee.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**_ .SOLUTIONS**

1. That Councillor SR Claassen be appointed as the new Chairperson for the Oversight Committee of Bergrivier Municipality;

2. That the Oversight Committee meetings be scheduled three (3) times per year;

3. That the existing MPAC members oversee the responsibilities of the Oversight Committee in terms of the Annual Report for Bergrivier Municipality; and

4. That the Oversight Committee as outlined below be regarded as the Oversight Committee to review the 2016/17 Draft Annual Report, to compile an Oversight Report on the Annual Report and submit same to Council before end of March 2018:

   (a) one member of the community, namely Mr. J. Raats as Mr. N. Stevens resigned as chairperson;
   (b) a person from the Municipality's Performance Audit Committee appointed by the Chairperson of the Performance Audit Committee – Mr. Graham Lawrence
   (c) two councillors from the DA namely:
      (i) Councillor J. Daniels
      (ii) Councillor A. du Plooy
   (d) two councillors from the ANC namely:
      (i) Alderman J. Swart
      (ii) Councillor S. Claassen

***MANAGER STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN017/11/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 12 OKTOBER 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die notule van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering wat gehou was op Donderdag 12 Oktober 2017.

***

**RVN018/11/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 19 OKTOBER 2017**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die notule van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering wat gehou was op Donderdag 19 Oktober 2017.

***

**RVN019/11/2017**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 31 OKTOBER 2017**
**3/2/1/3**

Die Onderburgemeester hou besluit (BKN016), wat geneem is tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van Donderdag 16 November 2017, aan die Raad voor.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die notule van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering wat gehou was op Dinsdag 31 Oktober 2017.

***

**RVN020/11/2017**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker lig die Raad in dat alle wykskomiteevergaderings vir 2017 nie afgehandel is nie en dat 'n skrywe gerig is aan die Raad rakende verslagdoening van projekte wat geïdentifiseer is. Die notules sal vir kennisname aan die Raad voorgelê word by die volgende Raadsvergadering.

Voorts versoek hy dat die Wyksraadslede hou by die afgekondigde en gepubliseerde datums.

***

**RVN021/11/2017**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN022/11/2017**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, VIR INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

***Die Speaker bied die geleentheid aan die Uitvoerende Onderburgemeester om die Raad in te lig rakende die skoon oudit van Bergrivier Munisipaliteit, waarna sy alle Amptenare van Bergrivier Munisipaliteit met trots gelukwens met die skoon oudit en hul bedank vir hul harde werk reg deur die jaar.***

***Die Speaker bedank alle Amptenare en Raadslede vir hul harde werk deur die jaar en wens almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2018 toe.***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:45*

***

DEUS EST VITA

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

***VOORSITTER (SPEAKER)***

BERGRIVIER
30 JAN 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***DATUM***